



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 295

6 Desember 2010

TOULEIER



Groot reaksie op die Plakkerskamp-laslappie!

Hallo Julle,

Nogmaals baie dankie aan 'n ieder en elkeen wat reageer het op die plakkerskamp-laslappie wat ek laas week uitgestuur het. Daar was net te veel om elkeen persoonlik te antwoord. Dit doen die hart goed om te sien dat van Alaska tot in Australië onse mense nog omgee vir diévan ons wat swaarkry.

Onsdorp se spannetjie het, ná raadpleging met dié wat voorheen bygedra het tot die Kinderhuisfonds, besluit die nood is groter by die kampe en gaan R6,000 skenk aan 'n instansie of groep waar ons hoop dit 'n verskil gaan maak.

Ben Nel van die Suid-Kaap stel ook voor dat Kammalanders R10 per maand se debietorder teken na 'n sentrale rekening en dan kan ons elke maand êrens uithelp. Hy sal afskop met R100 as daad by die woord. Indien julle die idee gaan ondersteun, stuur 'n e-pos aan pos@onsdorp.com met die onderwerp: TIEN RAND. Afhangende van die aantal e-posse, sal ek dan 'n fasiliteit skep daarvoor.

Van die os op die jas en terug by **Kammanuus** en die komende vakansie, hier is 'n woordjie van bemoediging vir ons dames wat bietjie opsien na die komende vakansietyd. (Dankie aan Suna Stirk uit Nieu-Seeland.)

As jy huiwer om daai baaikostuum aan te trek, kan jy gerus onthou:

Ander vroue lyk ook beter met klere aan as daarsonder. Selluliet, spatare en vetvoue is tekens van ervaring.

Weet jy wat betaal groot maatskappye deesdae vir ervaring? Loop dus op die strand met die wete dat jy baie werd is en absoluut in aanvraag.

Moet jouself nie blind staar teen die jong meisies se ferme lyfies en spatारlose boudjies nie. Hulle glo nog hulle lewe en lywe gaan perfek uitwerk, en hulle vietse middeltjies gaan onveranderd dun bly.

Maar ek en jy weet beter. As jy dus sukkel met 'n tikkie jaloesie, kan jy veel eerder saggies giggel in jou mou of in die vou in die vel onder die mou, omdat jy jou hulle oor 20 jaar van nou af kan indink.

Vir die mense wat by die huis bly – moenie sleg voel nie. Buiten dat duisende gesinne saam met jou die huisvakansie ding gaan doen, het jy die voorreg om rustig jou tupperwarekaste te konfronteer, daai skoolpapiere wat geliasseer moet word, en laaie wat uitgesorteer moet word. Wees rustig in die wete dat wanneer die sogenaamde bevoorregtes terugkom huis toe in Januarie, verdwyn hulle glimlagte met die eerste oopmaak van hulle kaste, of die ooptrek van dáái laai.

Dan is jy lekker uitgerus en reg vir die nuwe jaar. Met nog geld in die bank ook. So komaan, omhels jou huisvakansie, omhels jou kamermaatjie, omhels jou hond! Sien julle weer so teen middel Jannewarie, geniet die feestyd,

Hennie en Annabelle Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

HÄGAR DIE VERSKRIKLIKE deur Chris Browne



Allegaartjie

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In SAN FRANCISCO mag jy nie onderklere gebruik om jou kar mee te was nie.

In FRANKRYK mag jy nie 'n E.T.-pop verkoop nie - net poppe met menslike gesigte.

In SWITSERLAND mag 'n man nie ná 22:00 regop staan en urineer nie.

In FLORIDA is dit onwettig om ná 18:00 'n wind in 'n openbare plek te laat.

GEE MY BOERE!

"Gee my 20 divisies Amerikaanse soldate, en ek sal Europa inneem.

"Gee my 15 divisies Engelse soldate, en ek sal die poorte van Berlyn bereik.

"Gee my net twee divisies Boere en ek sal Duitsland van die aardbol afvee."

-- **Veldmaarskalk Montgomery, bevelvoerde van die Geallieerdes in Wêreldoorlog II.**

Het jy geweet? Die Afrikaanse "kaak" in "aan die kaak stel" kom van die Hollandse woord vir "skandpaal"?

Oupa en Ouma se antwoordmasjien

Goeie môre Ons is tans nie tuis nie, maar laat asseblief 'n boodskap na die toon. As jy een van ons kinders is, druk die nommer kind wat jy is en druk dan een van die volgende nege opsies, sodat ons by ons terugkoms kan weet wat ons moet doen:

1. As ons die kleinkinders moet kom oppas, druk 2.
2. As julle ons kar wil leen, druk 3.
3. As julle wil hê ons moet julle klere was en stryk, druk 4.
4. As julle wil hê dat die kleinkinders by ons moet kom slaap, druk 5.
5. As julle wil hê dat ons die kinders by die skool moet gaan haal, druk 6.
6. As julle wil hê dat ons vir julle 'n maaltyd moet voorberei of dit by julle huis aflewer, druk 7.
7. As julle hier wil kom eet, druk 8.
8. As julle geld nodig het, druk 9.
9. As julle ons vir ete gaan nooi, of ons teater toe wil vat, begin praat, ons luister.

Geologiese ontdekkings

Britse argeoloë het verlede jaar drie meter diep gedelf en afgekom op koperdraad wat 200 jaar oud is.

Gevolgtrekking:

Hul voorouers het al meer as 150 jaar gelede 'n telefoonnetwerk gehad.

Amerikaanse geoloë het ses meter diep gegrawe en tekens gekry van koperdraad wat 250 jaar oud is.

Gevolgtrekking:

Amerikaners het hoëtegnologie-kommunikasie 50 jaar vroeër as die Britte gebruik.

Afrika-geoloë het 50 meter diep gegrawe en absoluut niks gekry nie.

Gevolgtrekking:

Afrika het 250 jaar gelede reeds tot draadloos gevorder. Maak dit jou nie trots nie? Of dink jy al die koperdraad was toe reeds gesteel?

Plaasbesoek

Die departement van arbeid het 'n boer van Robertson besoek nadat 'n klagte ontvang is dat hy sy werkers te min betaal.

Ondersoeker: "Ek soek 'n lys van jou werknemers en wat jy hulle betaal."

Boer: "Wel, daar is die voorman. Hy is al 30 jaar sam met my. Ek betaal hom R1500 per week en verskaf gratis verblyf.

"Dan is daar hierdie vertrapte werker. Hy werk omtrent 18 uur per dag, sewe dae per week, betaal vir sy verblyf en kos. Ek koop elke Saterdag vir hom 'n bottel brandewyn, net sodat sy lewe meer draaglik is. Hy slaap ook af en toe by my vrou."

Ondersoeker: "Dis die een met wie ek wil praat, die verstandelik vertrapte een. Waar is hy?"

Boer: "Jy praat reeds met hom."



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

VROUENS MET ROKKE VAN LEER

Weet , wat die reaksie van 'n vrou wat 'n rok van leer dra op 'n man het?

- Sy hart klop vinniger.
- Sy mond word droog.
- Sy knieë raak lam.
- Hy begin irrasioneel dink.

Weet jy hoekom dit gebeur? Want dit laat hom aan 'n splinternuwe bakkie dink.



GELDGESPREK

Die 50c-munt en die R200-noot raak aan die gesels.

50c: "Jis Tjomma, wat het van jou geword? Ek het jou lanklaas gesien!"

R200: "Ag jong, ek was maar besig soos altyd. Was bietjie Mosambiek toe, was by 'n paar rugbywedstryde, was laas week by die skou in Windhoek, môre sal ek waarskynlik Mall toe gaan en dalk Teazers toe. Jy weet, daai soort goed. Maar hoe's dinge met jou? Wat maak jy alles?"

50c: "Aag, Boeta, jy weet mos. Altyd dieselfde - dis net kerk, kerk, kerk!"

EINDE VAN DIE GEVEG

Jan stap by die kroeg in en vra die kroegman om vir hom 'n stywe enetjie te skink, want hy het so pas weer met sy vrou baklei.

"O ja?" sê die kroegman. "En hoe het hierdie een geëindig?"

Jan: "Ag, toe dit verby was, het sy op haar hande en voete na my toe gekruip."

Kroegman: "Regtig? En wat sê sy toe vir jou?"

Jan: "Kom onder die bed uit, jou mislike klein lafaard!"

SKOPPENSBOER

Piet maak die oggendkoerant oop en sien in die Skoppensboer-afdeling dat hy dood is. Baie ontsteld bel hy vir Koos.

"Koos, het jy in die koerant gesien ek is dood?"

"Ja," sê Koos. "Waarvandaan bel jy?"

MANGO

Kallie bel Mango-lugdiens om 'n plek te bespreek.

"Hoeveel mense vlieg saam met jou?" vra die klerk.

Kallie: "Hoe de hel moet ek dit weet? Dis mos jôu vliegtuig!"

DRONK VRIENDE

Sarel kla by Hennie: "Jy weet, ek raak nou gatvol vir my vriende wat so drink."

Hennie: "Hoe dan so?"

Sarel: "Gisteraand het hulle my weer vier keer laat val toe hulle my kar toe gedra het."

OP DIE IERSE LUGHAWE

Ek was op 'n lughawe in Ierland besig om in te bespreek toe 'n amptenaar van die lughawe my vra of ek weet of iemand dalk iets in my bagasie versteek het. Ek sê toe as iemand dit sonder my medewete gedoen het, sal ek dit mos nie weet nie.

Die amptenaar het geglimlag en sy kop geknik.

"Presies," het hy geantwoord. "Dis hoekom ons die vraag vra."

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Petronella

PRAAT PADLANGS

Dink ook aan die mense wat minder het as ons

Die jaar is verby, nog nie heeltemal nie. Daar is nog baaaie tyd vir koop oor. Weet nie of daar baie geld oor is nie. Maar die kenners sê ons het genoeg vertroue in die ekonomie om duursame artikels te koop.

Soos Wii's, iPods en BMW's. Los maar die 4x4 want die regering se belasting het die werking van dié speelgoed bietjie aangetas. Hulle "park" nie meer so lekker op die sypaadjies nie, en in alle geval lyk 'n nuwe Gauteng registrasienuommer nie so mooi op die voorkant nie.

Gelukkig is die werk aan die paaie rondom Johannesburg feitlik klaar en kan ons wat agterbly hier in die ou Transvaal lekker ry terwyl die soustrein afpak Kaap en Durban toe.

Kom ons dink aan die wat in minder lekker omstandighede agterbly en maak ons harte oop vir die organisasies wat gaan help om die las te verlig vir dié wat hulp dringend nodig het. Gaan vind uit in jou plaaslike gemeenskap wie help waar en met wat, en raak betrokke.

Belangrik om te onthou dat die skelms nie Desember op 'n sloerstaking gaan nie. Wees maar bedag en voorbereid vir 'n beplande skelmstreek. Hou daai kredietkaart fyn dop en daai rondlopers in die straat nog fyner. Help die polisie waar jy kan en rapporteer verdagtes.

En terwyl ek nou so vir die volk sit en leviëte voorlees, moet nie die troeteldiere vergeet nie.


Daar sal natuurlik so rondom die 16de 'n geld insamelingspoging wees om vir Juliussie geld in te samel om sy boete te help betaal. Hoewel hy weier om dit te doen sal die Prez seker 'n bietjie druk op hom sit om so *face* te probeer *save*. Ai ... die sonde van die kinders.

Ons gaan ook nou die politieke rusfase vir die jaar in. Nie dat ek dink die hoof-swepe kan regtig bekostig om te rus nie. Daar is werk om te doen voor die verkiesingsveldtog vir volgende jaar in volle gang begin. Wat se interessante tye gaan dit nie meebring nie. Wat se toiletpolitiek kan ons nie als verwag nie?

Kan nou nie met sekerheid die datums onthou nie, maar ek hoop maar die verkiesing meng nie in met die twee koninklike troues wat voorlê nie. Ek weet van 'n paar tannies wat reeds hul plekke voor die televisie geboek het om die ure lange "flieks" *live* te sit en kyk. En mense, het ons nou vir jou 'n fees van Afrikaanse rolprente om te gaan kyk die Desember. *Liefeling* maak alreeds miljoene, daar is *Hanna Hoekom* om op te vang, en natuurlik Karen se vertoning in haar musiekfliek ook. Dan is daar Deon Meyer se *Spoor* wat jou vasgevang sal hou, en vele meer om na uit te sien.

Aan die wat van oor die water kom kuier, die waatlemoen smaak vanjaar weer vorentoe. Die vroeë druive is heerlik en die eerste groenmielies reeds op die straat te koop. Kulula en SAS se pryse is eersteklas met goeie kompetisie en ons deure so wyd oop soos dit in sokkertoernooi tyd was. Die familie kan nie wag om julle te sien nie. Welkom terug!

'n Onlangse opname toon dat swart mense banger as wit mense is vir die gevare in die land, maar glo my, wat swart en wit aanbetref, daai gesegde van watter hond voer jy die meeste - die witte of die swarte - is die een wat die swaarste weeg. Hoe kan ons anders as positief, vol lewe, liefde en hoop wees in die sonnige lieflike land van ons nie. Kom sluit by ons aan vir 'n vleisie oppie kole, 'n skoffel op die strand en die warm waters van die Natalse see. Welkom tuis, ons het julle gemis!



DAGBOEKE

Dagboek van 'n hond

- 08:00 - Hondekos! My gunsteling!
- 09:00 - 'n Rit in die motor! My gunsteling!
- 09:30 - 'n Uitstappie in die park! My gunsteling!
- 09:40 - Ek hurk in die park en los my eerste bol! My gunsteling!
- 10:30 - Ek word geborsel! My gunsteling!
- 12:00 - Middagete! My gunsteling!
- 13:00 - Ek speel op die werf! My gunsteling!
- 14:00 - Ek geniet my tweede opelyf, hierdie keer op die stoep.
My gunsteling!
- 15:00 - Ek waai my stert! My gunsteling!
- 17:00 - 'n Vleisbeen! My gunsteling!
- 19:00 - Ek speel met 'n bal! My gunsteling!
- 20:00 - Sjoe! Ek kyk TV saam met die mense! My gunsteling!
- 23:00 - Ek blaf tien minute lank vir die lekker en gaan slaap! My gunsteling!

Dagboek van 'n kat

Dag 983 van my gevangenskap. My gevangeners treiter my met allerlei bizarre, swaaiende voorwerpies.

Hulle lê weg aan vars vleis, terwyl ek en die ander bandiete een of ander soort droë korrels kry. Ek toon my misnoeë, maar ek eet nietemin want ek moet sterk bly.

Al wat my aan die gang hou, is my droom om te ontsnap. Net om hulle te ontstel, gooi ek weer op die mat op.

Vandag het ek 'n muis onthoof en sy koplose lyf by hulle voete laat val. Ek het gehoop dit vervul hulle met vrees oor waartoe ek in staat is, maar hulle het net neerbuigende geluide gemaak oor wat 'n goeie jagter ek is.

Bliksems!

Daar was vanaand 'n soort saamtrek van hul medepligtiges, en ek is in eersame opsluiting geplaas vir die duur daarvan. Ek kon nietemin geluide hoor en kos ruik. Ek het gehoor die rede vir my opsluiting is "allergieë". Ek moet uitvind wat dit is, en dit tot my voordeel aanwend.

Ek was vandag amper suksesvol om een van my tormenteerders te vermoor, deur om sy voete te vleg terwyl hy loop. Ek moet dit môre weer probeer, maar hierdie keer aan die bopunt van die trappe.

Ek is oortuig dat die ander gevangenes voorgetrek word. Die hond kry spesiale voordele. Hy word gereeld losgelaat, en is meer as gewillig om hom weer aan te meld. Hy is beslis onnosel en vertraag.

Ek dink die papegaai is 'n informant, want ek sien hy gesels gereeld met die wagte. Ek is seker hy verklap elke beweging wat ek maak. My gevange-nemers het stappe vir sy beskerming geneem. Hy hang in 'n opgehyste sel, so hy is veilig.

Vireers . . .



TWEE MOEILIKE VRAE

Vraag 1:

As jy 'n vrou ken wat swanger is en reeds 8 kinders het - 3 is doof, 2 is blind, 1 is vertraag en die vrou het sifilis - sal jy voorstel dat sy 'n aborsie kry?

Lees nou eers die volgende vraag voordat jy antwoord:

Vraag 2:

Dis tyd om 'n nuwe wêreldleier te kies, en jy het die alleenstem en moet uit die volgende drie kandidate kies:

A: Hy assosieer met skelm politici, raadpleeg sterrewiggelaars, het twee skelmpies en drink 8-10 Martinis per dag.

B: Hy is twee keer uit sy werk geskop, slaap tot 12:00, het opium as 'n jong man gebruik en drink elke aand 'n klomp whiskey.

C: Hy is 'n gedekoreerde held, 'n vegetariër wat nie rook nie en net nou en dan 'n bier drink en het nooit rondgeslaap nie.

Watter kandidaat sal jy kies?

Besluit eers, voordat jy verder lees.

Kandidaat A is Franklin D. Roosevelt.

Kandidaat B is Winston Churchill.

Kandidaat C is Adolf Hitler.

En as jy "ja" gesê het vir aborsie, sou die wêreld nooit 'n Beethoven gehad het nie.

Interessant nè.

Miskien moet ons bietjie langer dink voordat ons iemand oordeel.

Generaal Edward Fartbottom in die Anglo-Boereoorlog

Generaal Edward Fartbottom is met 4,000 troepe teen die Boere in die veld. By die slagveld gekom, sien hy doer in die verte op 'n koppie 'n figuur staan met wilde hare, kortbroek en velskoene sonder sokkies.

"Rooinek!" skree die Boer op die koppie. "Kom hier, I wants to gives you one helluva pakslae!"

Edward draai om na sy tweede in bevel en sê: "Send 20 men to deal with that Boer upstart!"

Die Kakie-majoor stuur 20 man om die Boer te gaan soek.

Tien minute later staan die Boer weer op die koppie.

"You English donner! Send the rest of your Rooinekke. I will donner them all!"

Edward raak nou ietwat geïrriteerd en sê vir die majoor: "Send 100 men to kill that little guttersnipe!"

Die Majoor stuur 100 man oor die koppie.

'n Rukkie later staan die Boer sowaar as vet weer op die rantjie en skree: "Hey, you Khaki, I'm just warming up! Come take me, if you cans!"

Toe verloor Edward kop en stuur 400 troepe om die Boer dood te maak.

Tien minute later staan die Boer weer daar. Sy klere is geskeur en sy hare is vol stof. Dis net snot en bloed waar jy kyk, en Edward kry die reuk van Klipdrif op 400 tree.

Weer skree die Boer: "Is that the best you can do? You bloody vrot Khakis! Come on, come klap me stukkend!"

Rooi in die gesig sê Edward vir die majoor: "Take the rest of the men and don't come back until you have killed the bastard!"

Vyf minute later kom een van die troepe al gillende en vol bloed oor die randjie gestorm: "Sir, Sir!" skree hy, "It's a trap! There are two of them!"

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**



Outydse resepte vir Krismis

Vir ons laaste KAMMANUUS van 2010 én dit nogal ons KERS-UITGAWE deel ek graag met jul hierdie uiters maklike goedkoop tradisionele KERSFEESRESEPTE!

Wat is Kersfees-kuisers sonder die immer gewilde, vinnige en huislike

BOSTON-BROOD?

Jy kan dit as vrugtebroodjie saam met koffie of as nagereg bedien met vla, dun room of die lemoen-brandewyn stropie wat ook hier iewers verskyn!

BOSTON broodjies kan vir sowat 1 uur in oond teen 150 °C gebak word, of in blikkies gestoomkook word.

4 k koekmeel
3 e goue stroop
½ k fyn gesnipperde pitlose dadels of rosyne
1 e fyngeskapte amandels, pekanneute of grondbone
2 t koeksoda opgelos in bietjie melk
Knippie sout
Meng alles.
Bak of stoom-kook in blikkies.

ROLPOEDING (Roly-Poly)

2 k meel
1 groot e botter, by meel ingevryf
2 goedvol t bakpoeier
2 eiers goed geklits
Maak die deeg aan, rol dun uit, smeer appelkooskonfyt dik oor en rol op. Plaas rol in oondpan. Sny vlak kepies bo-op. Gooi nou 2 k suiker rondom die deegrol en dan 3 k kookwater en ½ k suurlemoensap oor die suiker. Stip rol met klein klontjies botter.
Bak in oond @ 180 °C tot mooi goudbruin. Bedien saam met vla.

En dan 'n tradisionele lekkerny!

TIEKIE-POEDING oftewel "GESPIKKELDE HENNETJIE" ! (Maak vorige aand)

2 k meel
½ k botter, by meel ingevryf
½ k suiker en 2 eiers goed saamgeklits
2 t bakpoeier
Knippie sout
2 k afgespoelde korente (jy kan dit ook vir sowat ½ uur laat week, dreineer voor gebruik)

Maak alles aan met melk tot 'n stywe skep deeg.

Skep nou die deeg in 'n skoon moeseliën- of meelsakkie. Laat sowat 4 vingers ryspaspie toe en bind met 'n toutjie vas. (jy kan die deeg ook in 'n erdebakkie skep en dit dan toebind in die sakkie).

Plaas 'n piering onderstebo, of bedek boom van kastrol met 'n laag droë mielies. Vul die kastrol nou tot ¾ vol met kookwater. (Die mielies gee die water ook 'n effe soet smaak)

Tel die sakkie met deeg versigtig in water. Plaas kastroldeksel dig op. Kook vir sowat twee ure. Moenie binne eerste halfuur oopmaak nie. Vul daarna die water aan soos nodig met kookwater. Sodra gaar, keer uit en bedien die volgende dag KOUD in dun skyfies gesny met die volgende WARM sousie:

Kook 3 k water, ½ k lemoensap, 1 ¾ k suiker en die af gerasperde skil van 1 lemoen saam tot die skil deurskynend is. Voeg nou 1 kelkie brandewyn by. Meng 1 t vlapoeier met bietjie water en voeg by sous. Laat deurkook. Bedien warm oor dun skyfies koue poeding.

•• In de ou dae is 'n handvol afgeskropte en gekookte tiekies (en later silwer vyfsente) by die deeg ingeroer en saam gebak. Vandaar die naam.

Die korente in die ligte deeg het weer gesorg vir die ander volksnaam!

Besoek gerus Retha se werf op
<http://www.onsdorp.com/somaakmens/>

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na **Onsdorp** www.onsdorp.com/stamboom

Jy sal die wagwoord **boomstam** moet gebruik om toegang te verkry.

HATTINGH lesijha@gmail.com

Ek wil baie graag meer inligting bekom oor die De Beers (dis nou aan my ma se kant) en Hattinghs (dis nou aan my man se kant). Die Bekker-stamboek het ek. My ma was Johannes de Beer 24/2/1924 oorl 29/4/1992, getroud met Francois Jacobs Bekker. My man en sy pa is albei Adam Barnard Hattingh 30/11/25 oorl 23/10/1998.

POTGIETER sharonsqp@yahoo.com

My oupa Jacobus Ernst Potgieter geb.10.9.1876 en my ouma Maria Margaretha Potgieter (geb.Potgieter) 31.12.1880. Kry 3 seuns: Pieter Christiaan Frederick Potgieter (my pa) op 7.11.1902, sy broer Jacobus Ernest op 5.11.1907 en nog 'n broer, Salmon Potgieter(volle naam en geboortedatum onbekend). Hulle woon destyds op die plaas Goudmyn, Robertson. Daarna sterf oupa en ouma trou met 'n Smit (of Smith). Hulle kry die seun Klaas uit die huwelik. Kan julle my asseblief help om Salmon en Klaas of heelwaarskynlik die nageslagte op te spoor, ek het geen spoor op hulle nie en wil graag alle los konneksies bymekaar sit.

VAN DER COLFF jannie@elandsrps.wcape.school.za

Ek soek meer inligting oor die oorsprong van die Van der Colff-familie. Ek weet dat dit twee broers was, wat van Nederland gekom het. Die een (Piet) het met 'n Damara-vrou in SWA getrou en die ander (Robert) met 'n blanke. Ek is tans besig met navorsing oor die familie in SA en sal enige hulp waardeer.

VAN NIEKERK leonvn@tiscali.co.za

Ons sal enige inligting ivm Ockert Tobias van Niekerk baie waardeer. Daar is sover bykans 13 persone met hierdie naam! Ockert Tobias van Niekerk, oorl ongeveer 1958-1960, getroud met Johanna Maria Dorey.

Alhoewel hy by Ohriststad, Lydenburg geboer het, is hy verwant aan die Van Niekerks van Carolina se distrik. Hoe weet ons nog nie. Ons weet ook nie wie sy broers, susters of ouers was nie.

MAXINE



Ek stryk nie meer my klere nie. Hoekom moet hulle kreukelvry wees as ek nie is nie?

Waarskuwings op drankbottels

WAARSKUWING

Die gebruik van alkohol kan jou oortuig dat jy kan sing.

WAARSKUWING

Die gebruik van alkohol kan jou laat dink dat jy sinvolle gesprekke met lede van die vroulike geslag kan voer sonder om te spoege.

GEBRAAIDE HOENDER

Juffrou vra ons eergister wat ons gunsteling dier is en ek antwoord gebraaide hoender. Sy't glad nie gedink ek's snaaks nie – maar sy moes verkeerd geweest het, want al die ander kinders in die klas het gelag.

Sy 't my na die hoof se kantoor toe gestuur en toe ek hom vertel het wat gebeur het, het hy ook gelag en gesê ek moet dit eerder nie weer doen nie.

My ma-hulle het my geleer om altyd eerlik en opreg te wees, en ek is! Gebraaide hoender is my gunsteling! Ek't my Pa vertel wat by die skool gebeur het en hy dink my onnie is seker maar 'n lid van die DBV. Hy sê hulle is baie lief vir diere – maar ek is ook, veral hoender. En vark en bees en vis ook!

Die volgende dag vra Juffrou my wat is my gunsteling lewendige dier – en ek sê toe hoender. Toe sy my vra hoekom, toe vertel ek haar dis omdat dit gebraaide hoender kan word! Nodeloos om te sê, sy 't my teruggestuur na die hoof se kantoor. Hy't gelag en gesê ek moenie dat dit weer gebeur nie.

Ek verstaan dit nie – dit lyk nie of my Juffrou van eerlikheid hou nie!

Vandag het sy ons gevra watter bekende persoon ons bewonder – en ek 't toe gesê Kolonel Saunders.

Raai waar sit ek nou weer . . .

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Ek sit hier omdat ek moet

Lammie skyf:

Die eerste vraag is of jy van iemand in Suid Afrika weet wat nog nie aan misdadige trauma bloot gestel is nie. Wel ek ken niemand nie. Hoekom het die voortrekkers gedoen at hulle gedoen het? Hulle was nie tevrede met die omstandighede waarin hulle gelewe het nie en hulle het getrek om 'n beter lewe te gaan soek.

Dit laat my dink aan die mense wat die land verlaat het. Die grootste klomp is sekerlik vir 'n beter lewe of geldelik of sekuriteit/veiligheid.

Die enigste rede dat ek nog hier sit is omdat ek al oor 50 is en dat ek finansiële dit nie kan bekostig om die die land te verlaat nie. Maar ek voed my kinders op om wel 'n beter heenkome te kan gaan soek indien hulle sou wou.

Oor die verlange, onthou net die volgende geslag wat oorsee gebore word en grootword sal nie so erg verlang nie en dan dink ek onwillekeurig aan die voortrekkers wat hulle families agtergelaat het.

Oor die politiek dink ek net die pers gee die verkeerde mense te veel lugtyd en dan is daar nog die geldgierigheid van ons eie mense wat die waarheid graag verdraai of verwater na iets onbelangrik.

Persoonlik dink ek dat ons volkseie mense meer moeite moet doen om die ongeletterde volksvreemdes te leer lees en skryf en in te lig wat in die wêreld buite Afrika aangaan waar ware demokrasie aan die werk is. Want voor die meerderheid mense nie geleer word om vir hulle self te dink nie, sal die land nêrens kom nie. Onthou vir meer as 40 jaar het die ANC die mense aangemoedig om ongehoorsaam te wees en skool te boikot. Maak dit reg en daar is bietjie hoop vir die land.

Dankie vir Suid-Afrikaanse humor

Juan van Schalkwyk, Durban:

Baie dankie vir jou lekker Suid Afrikaanse humor en en Kammaland. Ek kan nie wag dat die volgende uitgawe verskyn nie!

Ek stem saam dat 'n mens die beste moet maak van waar jy is. 'n Positiewe gesindheid mag dalk nie al jou probleme oplos nie, maar dit sal genoeg mense irriteer om dit die moeite werd te maak.....

Ek is 'n pensioenaris en het my werk bedank omdat ek net nie meer die korporatiewe omgewing en negatiewiteit van die banksektor kon verdra nie.

Omdat ek nie op my pensioen kan oorleef nie, het ek begin konsultasiewerk doen om die pot aan die kook te hou. Ek is bly om te se dat die Here my ryklik sien en dat Hy vir my deure oopmaak wat ek nie eers geweet het bestaan nie! Ek het nou 'n tweede asem gekry en sien met opgewondenheid uit na die toekoms.

Die probleem (maar ook geleentheid) wat ons in SA het, is dat ons so baie verskillende kulture het en dat ons mekaar nie ken of verstaan nie. Dit is nie nodig om met elke Jan Rap hand om die blaas te loop nie, maar as ons mekaar maar net met die nodige respek behandel sal ons sien dat gesindhede verander. Ek het my wekker (alarm) weggegooi en word nou natuurlik wakker met die gesing van voels in my ore (jy kan nou nie juis die geroep van 40 hadidas ignoreer nie).

Alarm is negatief en beteken dat daar dalk 'n noodgeval of brand is. Ek stel ook nie my radio nie, want wie will nou so vroeg oggend na rap luister of na al die slegte nuus van die vorige dag? My vrou het my no so ver gekry om by die gim aan te sluit. Ons gaan nou soggens saam, dan gaan ek swem terwyl sy op die aparate rondklim. Na 'n lekker stoombad is dit 'n koue stort en koffie by die kafee.

Giggels is kommen

Ansi dos Santos, Kanada:

Hennie, ek hoop julle geniet jul kuier in Suid-Afrika.

Oor Giggels: 'n persoonlike opmerking, wat ek moet maak as ek getrou aan myself wil wees:

Ek vind die enkelvoudigheid daarvan so 'common' dat die Afrikaanse woord kommen dit nie eers raak beskryf nie. Vreeslik jammer dat die enkelvoudige seksgrappies 'n ereplek in Kammanuus gekry het.

Afrikaners was in die verlede gekenmerk deur hulle humor, kwinkslae en 'wit' nie kleinhuisie grappies nie. Wonder wat is aan't gebeur.

(Wat dink die ander lesers? Het Ansi 'n punt? Moet Kammanuus se Giggels afgeskaal word? Stuur gerus vir ons julle skoon giggels.)

AGTEROS



Kammanuus se Krismis-stories

Egskeiding voor Kersfees

Die ou man in die Kaap bel sy seun in Windhoek die dag voor Oukersaand en sê:

"Ek haat dit om jou dag te bederf, maar ek moet jou vertel ek en jou ma gaan ná 45 jaar se getroude lewe skei."

"Pa! Waarvan praat jy?" skree die seun.

"Ja," sê die pa. "Ons het niks meer vir mekaar te sê nie en ons kan mekaar net nie meer langer verduur nie. Ek is moeg om hieroor te praat, so sal jy asseblief jou suster in Randfontein bel en haar vertel."

Die ontstelde seun haas hom om die slegte nuus aan sy suster oor te dra.

By die aanhoor ontplof sy: "Dit sal die blerrie dag wees," skree sy. "Laat dit in my hande!"

Sy bel haar pa in die Kaap en skree: "Julle gaan NIE skei NIE! Moet niks doen voordat ek nie daar is nie. Ek gaan my broer bel en ons sal albei môre daar wees. Moet NIKS voor die tyd doen nie. HOOR PA MY?" en sy hang op.

Die ou man skakel sy selfoon af, draai na sy vrou en sê: "Opgelos! Hulle kom vir Kersfees huis toe, en hulle betaal hul eie reisgeld."

Denominasies

Maria gaan poskantoor om seëls vir haar Kerskaarte te koop.

"Watter deniminasies?" vra die klerk.

"Goeie hemel," sug Maria. "Het ons nou al só ver gevorder? Wel, gee my 50 NG Kerk, 20 Hervormde Kerk en 20 Anglikaanse kerk."

Santa se uniform

Hoe weet jy dat Kersvader 'n man is?

Want geen vrou sal jaar na jaar dieselfde uitrusting dra nie.

Kersgeskenk vir moeder

Die Kersvader in die winkelsentrum was verbaas toe Milla, 'n jong meisie van 20, nader stap en op sy skoot kom sit.

Nou weet ons almal Kersvader vat nie bestellings van volwassenes nie, maar sy glimlag mooi met hom en hy vra: "En wat wil jy vir Kersfees hê?"

"Iets vir my moeder, asseblief," antwoord sy met 'n glimlag.

"Iets vir jou moeder?" sê Kersvader. "Dis baie liefdevol van jou. Wat wil jy hê moet ek vir haar bring?"

Sonder om 'n oog te knip antwoord Milla: "'n Mooi skoonseun."

KAMMANUUS se wens vir al sy lesers is
'n Geseënde Kerstyd en 'n
Voorspoedige 2011.

Ons is weer op 17 Januarie terug.